TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN S.A.
POSBUS 55549
ARCADIA
0007
13 OKTOBER 1995

NUUSBRIEF 4/95

Geagte Lid

Ek voel skuldig - en dit omdat ek so baie tik/spelfoute in die vorige nuusbrief gemaak het. Nou weet ek nie of dit die komplimente (rooi wyn ?) van Mnr Bornmann van Klerksdorp wat my 'n "groot kop" gegee het nie, maar ek vra om verskoning vir al die tik en spelfoute wat ek gemaak het. Dit lyk my ek sal maar iets anders moet drink om die vingers los te maak !

Dit is amper 'n maand na die TBK se AJV en ongelukkig is daar nou 94 lede wat nie hierdie nuusbrief sal ontvang nie. Soos ek in die vorige nuusbriewe mooi seblief gevra het dat ledegelde voor die AJV op datum gebring moet word, het 94 lede nie ag daarop geslaan nie, met die gevolg dat hul name van die ledelys verwyder was. Dit is eintlik 'n jammerte, maar nouja, ons kan nie langer bekostig om 'n diens aan iemand te lewer en hy/sy wil nie sy deel bydra nie.

1. POS TERUG : *Dit is darem seker nou een afdeling van die nuusbrief wat nie gou sal verander nie (net vir informasie - tot en met hierdie nuusbrief het die TBK al 45 lede "verloor" - dit is nou lede wat van posadres verander en nie vir ons laat weet nie, dan word hul name van die ledelys afgehaal tot ons hulle eendag weer opspoor.* **Ons is al amper aan die einde van die jaar en daar is sekerlik van ons lede wat gedurende Desember/Januarie gaan verhuis - onthou tog om ons ook in kennis te stel van u nuwe adres. As daar van u is wat u posbus gaan opgee, laat weet ons van u nuwe (straat)adres.** *Die volgende lede se pos het teruggekom :*

a. *Mnr R.C. Britz, Posbus 4203, Pietersburg 0700 (Posbus gesluit)*
b. *Mnr L.A. McPherson, Monumentweg 20, Bloemfontein 9301 (Vertrek)*
c. *Mnr L. Fourie, Posbus 17516, Bainsvlei 9338 (Onbekend)*
d. *Mnr S. Channing, Posbus 6342, Birchleigh 1621 (Onbekend)*

2. OORLEDE : *Dit is met leedwyse dat ons die afsterwe van die volgende lede bekend maak :*

a. *Mnr T. Mey, Landaustr 171, Boksburg-Suid 1460*
b. *Mnr J.L. Minnaar, Posbus 57, Beestekraal 0255*

Die TBK dra sy innige meegevoel oor aan bogenoemde se familielede, asook aan Tinus Esterhuizen en Neels Botha (Voorsitter Bloemfontein-tak) wat elk hul vader onlangs verloor het..
Ons hoop en vertrou dat die familie-lede die krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan.

3. NUUS VAN TBK TAKKE :

(a) Pretoria-tak : *Ons byeenkoms van die 29ste Julie in die Akasia stadsaal was 'n groot sukses. Alhoewel dit redelik koud buite was, het almal van die geleentheid gebruik gemaak om hulself warm te dans. Daar was weer heelwat nuwe gesigte en almal het gesê dit was nie die laaste keer dat hulle vir ons kom kuier nie. Almal het die musiek van Hannes Schoeman, Hugo Radley en die Oudag baie geniet. Ons wil tog net ons lede daaraan herinner dat die tak se volgende byeenkoms op die 11de November is, en sal in die Noord Transvaal Amateur stoeisaal, 26ste Straat, Menlopark plaasvind. Volgende jaar word die tak se byeenkomste* **ALMAL** *in die Akasia stadsaal, Dalestraat, Karenpark (Pretoria-noord) gehou.*
Wat 'n pragtige gesig en lekkerrrr gevoel was dit nie om so baie vriendelike mense tydens die tak se byeenkoms op die 29ste Julie bymekaar te sien nie. Vandat ek kan onthou, was daar nog nooit so 'n geskarrel om nog ekstra tafels en stoele uit te sit nie ! Mense het in groepe van 20 en 12 (wat ek van weet) ingekom. Ons sê baie dankie aan almal wat die aand saam met ons geniet het en ook dankie aan almal (bekend en onbekend) wat met die tafels en stoele gehelp het. Ons het 'n hele paar lede van die Boeremusiek Gilde raakgeloop wat die aand terdeë geniet het. Aan al die musikante wat opgetree het, sê ons ook baie dankie en ons hoop om julle almal weer te sien.

(b) Wesrand-tak : *Die volgende is van Oom Ben Low ontvang : Sedert die verskyning van die laaste nuusbrief, het ons twee funksies gehad : Op 1 Julie in die Robinsonsaal, Randfontein, wat heel bevredigend afgeloop het. Dit was net aan die koue kant en was die opkoms, soos te verwagte, nie algeheel na wense nie. Die hoofbestuur van die TBK het, voor die aanvang van die byeenkoms, by ons vergader.*

Die volgende funksie was ons Lentedans waartydens hoofsaaklik die Oudag Boereorkes opgetree het. Dit was op 7 Oktober, ook in die Robinsonsaal. Ons reken dit was 'n lekker byeenkoms en baie gesellig. Die manne van die Oudag het, soos gewoonlik, hulself oortref.

Ons volgende, en laaste byeenkoms vir hierdie jaar word gehou op die 2de Desember in dieselfde saal. So 'n lekker voorsmaak van die vakansietyd wat op hande is.

(c) Bloemfontein-tak : *Ons het nie 'n nuusberig van Neels Botha ontvang nie, dus noem ons maar net dat die tak se volgende, en laaate byeenkoms vir 1995, is op die 4de November in die Posduifsaal.*

(d) Hartswater-tak : *In 'n persoonlike gesprek met Oom Ben Bester, het die tak se byeenkomste tot dusver baie goed afgeloop. Al waaroor hulle kla (soos ons) is die droogte. Die tak se volgende byeenkoms is op die 9de Desember in die rolbalsaal, wanneer die AJV van die tak ook sal plaasvind.*

(e) Pietersburg-tak : *Oom Piet Bester het laat weet dat hul eerste byeenkoms in die Polisie ontspanningsaal op die 16de September baie goed afgeloop het. Die tak hou al sy byeenkomste vir 1996 in die Polisie ontspanningsaal. Die tak se laaste byeenkoms vir 1995 is ook op die 4de November, in die Polisie ontspanningsaal.*

(f) Vaaldriehoek-tak : *Die volgende bedankingsbrief is van Peet van Staden ontvang : Baie dankie aan almal van u en andere vir die onvoorwaardelike vertroue in ons tak gestel om 'n funksie van die formaat van 'n algemene jaarvergadering te kan mag aangebied het. Dat ons foute gemaak het, is so - waaroor ons jammer is, maar dat ons geweldig baie, baie gou moes leer en doen is so.*
Vir my en Lettie was dit 'n moe..se verrassing - die toekenning van erelidmaatskap en wil ons graag so daarmee spog dat ek voorstel dat balkies gemaak word wat op ons kleurbaadjies aangebring kan word. Baie dankie vir die toekenning.
Ter inligting net die volgende :

a. Op die 30ste Desember word 'n byeenkoms aangebied by die Mimosa Tuine op Parys. Die VdBijlpark se tradisionele boereorkes en die Bloemfonteinse tradisionele boereorkes gaan daar optree.

b. Op 27 Januarie 1996 gaan ons op Koppies kuier met 'n funksie in samewerking met Radio Koppies.

Die tak se volgende byeenkoms is op die 18de November in die Olympianssaal, VdBijlpark, waartydens die tak se eerste verjaarsdag, asook AJV sal plaasvind.

4. BRIEWE VAN LEDE :

a. Mej Paula Ras, Potgietersrus : *"Ek is een van die jong mense wat graag boeremusiek luister en dit ook opreg waardeer. Vandat ek maar kan onthou, is boeremusiek deel van my lewe. Ons, dit is nou my vader (Mnr P.A. Ras), asook my moeder en ekself is ook lede van die TBK. Ons val egter onder die Pietersburg-tak van Oom Piet (Bester).*

Nadat ek nuusbrief 2/95 verskeie kere onder oë gehad het, wil ek graag 'n voorstel maak : Na my beskeie mening word daar teen ons vroulike TBK lede "gediskrimineer". Dis dasse , mansjetknope, hemde - en dit alles net vir die mans. Wat van oorbelle, of die TBK wapen in so 'n vorm dat dit in 'n hangertjie gedra kan word om die dames se nekke. Glase of bekers met ons wapen op. Sal u asb so gaaf wees om hierdie voorstelle te oordink. Ons is trots om deel te wees van die TBK. Boeremusiekgroete.".
(Paula, baie dankie vir jou mooi brief. Volgens die handskrif is jy nog redelik jonk (Oom skat so tussen 12 en 14 jaar !) en ons waardeer jou voorstelle en ook die feit dat daar so 'n jong lid is wat graag iets vir die vroulike lede sal wil sien. . Ek het jou brief op die hoofbestuurvergadering van 16 September, tydens die TBK se AJV in Van der Bijlpark, voorgelê. Ek wil graag vir jou sê dat die hoofkomitee waardering vir jou brief uitgespreek het - veral van so 'n jong ondersteuner van TBM.

Omdat die komitee heelwat punte vir bespreking voor die AJV gehad het, moes ons ongelukkig jou brief laat oorstaan tot die volgende hoofkomitee vergadering wat op die 2de Desember te Randfontein gehou sal word. Ek kan net vir jou sê dat jou voorstel nie op dowe ore geval het nie. Ek hoop om in die volgende nuusbrief meer inligting vir jou te gee. Is daar miskien nog voorstelle van ons dames ? Paula, alhoewel julle veel nader aan Pietersburg is, beteken dit nie dat julle nie die byeenkomste van die Pretoria-tak kan bywoon nie. Kom kuier een naweek, bv die 11de November of die 30ste Desember (wanneer ons weer 'n byeenkoms het) vir familie in Pretoria, en kom geniet die aand saam met ons. Red.)

b. **Mnr Tinus Esterhuizen, Afrikaans Stereo, SAUK, Johannesburg :** *" Dit is vir my 'n trots en aangenaam om 'n lid van die TBK te wees en te kan spog met nuusbrief 3/95. Dit is vol nuuswaardighede asook interessante nuusbrokkies, maar die belangrikste, dit gee om vir Tradisionele Boeremusiek en sy liefhebbers. Ook wil ek my dank uitspreek aan die heerlike TBK aand gehou te Randfontein en die gasvryheid wat betoon is. Verdere goeie nuus is dat Ds Lourens Aucamp sy program "Nog 'n draai" behou het en dit word vanaf September in die 20H30- 21H00 (8.30 tot 9nm) gleuf op Afrikaans Stereo uitgesaai. Sy mede-aanbieder sal Gideon (Giep) van Zyl wees. Ook sal "Konsertinaklub en TBOK" in die volgende SAUK boekjaar voortgaan vanaf September 1995 tot Augustus 1996." (Dankie vir die goeie nuus Tinus - ten tye van hierdie nuusbrief, het ons het nog nie vir Giep van Zyl gehoor nie - en die Tradisionele Boereorkes kompetisie het reeds die 7de Oktober op Afrikaans Stereo om 18H30 begin -Red.)*

c. **Mnr H.W. De Villiers, Wilropark, Roodepoort :** *" Sterkte met die onbaatsugtige taak wat die bestuur van die TBK ten opsigte van die bevordering van tradisionele boeremusiek verrig. Wees verseker dat daar talle liefhebbers van hierdie tipe musiek is wat as volks-eie beskou word, en wat groot waardering het vir u pogings vir die behoud en voortbestaan van boeremusiek".*

d. **Danie Labuschagne, Booysens :** *"Baie dankie vir die nuusbriewe - dit word waardeer.. Ek is bly om te sien dat iemand met 'n St. 8 sertifikaat die nuusbriewe doen - dit is hoekom iemand met 'n St. 6 sertifikaat dit nou beter kan verstaan ! (Danie, ek dink jy moet eendag by my kom kuier, dan kan jy die proeflesing doen - ek is seker jy sal al die tik/spelfoute raaksien ! Red.)*

e. **Mnr Theo Slabbert, Klippaat :** *"Baie dankie tannie Gerda vir u onbaatsugtige diens en opoffering vir die bewaring en uitbreiding van ons geliefde en mooi tradisionele boeremusiek, wat heel uniek in die hele wêreld is. Sonder 'n toegewyde span soos julle daar bo, sou 'n baie, baie groot skat vir ewig verlore wees. Ek is 'n jong bewonderaar en luisteraar van tradisionele boeremusiek en kan u die versekering gee dat daar baie jong mense is wat daarna luister en dit waardeer. Die verblydendste is dat die getal besig is om te groei. Hier in die platteland kan ek u verseker, is tradisionele boeremusiek onder 'n groot groep van ons nog koning en sal dit bly. Baie groete en sterkte met u pragtige werk." (Hierdie brief was aan Mev Gerda du Plessis gestuur. Baie dankie daarvoor Theo, ons waardeer dit. Jy kan gerus van die jongmense daar in die Oos Kaap aanmoedig om van hulle te laat hoor !. (Red.)*

f. **Mnr A.J. Rademeyer, Cotswold, P.E. :** *"Baie dankie vir Nuusbrief 3/95. Ek waardeer dit baie. So 'n paar dae gelede het ek weer na my lidmaatkaart gekyk wat ek van die TBK ontvang het, die datum is 1-9-81 en geteken deur Stephaan van Zyl, so ons kom al 'n paar jaar saam. Mnr Adams moet weet, as jy al so lank aan die TBK behoort, dan mis jy nie een keer Nog 'n draai nie. En wat is nou aangenamer om na Lourens en Martin te luister, en hulle gee waardevolle inligting oor musikante en self die nommers, of name van die plate wat by die TBK verkry kan word. So het ek gehoor van Oom Jan van Rooyen se kasset en ek het hom dadelik gekoop. Dit is nou goeie tradisionele boeremusiek. " (Baie dankie vir die brief, Oom Awie, ons waardeer dit baie. Ek het die fout t.o.v. u lidnommer reggemaak - sulke dinge gebeur maar. Ek weet nou nie of ek verkeerd is nie, maar ek dink 'n mens se net vir 'n jonger persoon "Meneer" as die outjie met 'n AK47 voor jou staan ! - die naam aan duskant is Tom, Oom Awie - Red)*

g. **Mnr K. Snyman (Oom Kallie), Swartruggens :** *"insake verjaardagviering - 12 Augustus. Ek verwys na bostaande en wens van hierdie geleentheid gebruik te maak om baie dankie te sê aan alle familielede en vriende wat my 70ste verjaardag-plegtigheid op 12 Augustus 1995 aan't huis van my seun, Flip Snyman, te Krugersdorp kon vier. 'n Spesiale woord van dank ook aan die Oudag Boere-orkes wat die aand vervolmaak het met egte tradisionele boeremusiek, nie slegs as orkes nie, maar ook as mense wat my baie na aan die hart lê. Ek hoop en vertrou om, as die Here wil, weer in die toekoms so 'n lekker verjaarsdag te vier. Oudstryder groete. NS Ek sal dit op prys stel indien u hierdie bedanking in u volgende omsendskrywe kan plaas. (Oom Kallie, eerstens baie hartlik geluk met die 70ste verjaarsdag, asook die Oudstryder-lidmaatskap. Namens die TBK wens ons Oom nog baie jare van goeie gesondheid en sterkte toe vir die baie jare wat nog voorlê. - Red)*

5. NUWE PLATE, KASSETTE EN CD's (laserskywe) : *Van die van u wat die nuutste vier plate/kassette en CD's (laserskywe) aangeskaf het, sal sekerlik met my saamstem dat dit van die mooiste tradisionele boeremusiek is. Ons wil net weereens vir Danie Labuschagne , Oom Michael en Dr Ed Retief (wat die stories agterop die plate skryf) asook al die ander mense "agter die skerms" baie dankie sê vir die harde werk (en opofferings) wat hulle gedoen het om die die plate en kassette in 'n rekord tyd uit te bring. Dit word deur almal waardeer. Die volgende plate/kassette/laserskywe (CD's) is nou beskikbaar by Mev Gerda Du Plessis, Posbus 13556, Sinoville 0129 (telefoonnommer 012-5480956) beskikbaar :*

a. Oom Ben Lindeque (konsertina)
b. Oudag Boere-orkes Vol 1 & 2 (plate/kassette & CD) (LW elke plaat en kasset het 2 nommers meer as die CD - m.a.w. daar is 4 nommers meer op die twee plate en kassette)
c. Vyf Namakwalanders (CD)
d. Hannes Schoeman (CD)

6. PLATE TE KOOP : *Die volgende plate (2 stelle elk) word te koop aangebied deur Charles Ellis, Van Riebeeckstraat 531, Daspoort, Pretoria 0082 (telefoon 012-3796663) : SLS 1 tot SLS 11. Indien u belangstel, kan u gerus met Charles in verbinding tree.*

7. TRAPORREL TE KOOP : *Mev M. Pieterse, orrelliste van die NG Kerk Boksburg-Suid het 'n traporrel wat sy graag wil verkoop. Die "naam" is GILPH, ONTARIO, CANADA. Die prys is R4,000-00 en dit is onderhandelbaar. Haar telefoonnommer is* **011-9170220 (H).**

8. WAT IS TRADISIONELE BOEREMUSIEK ? : *Soos 'n mens maar geneig is om te doen (veral as jy met pensioen is !) - dan blaai jy maar deur vorige uitgawes van die Vastrapper, Opskommel en nuusbriewe en soos gewoonlik kom jy op iets interessant af. So het ek op die volgende in die Opskommel, gedateer Augustus 1989 afgekom :*

"Wat is tradisionele boeremusiek ? *Streng gesproke behoort daar geen behoefte te bestaan om iets wat na aan die hart lê, iets wat 'n besondere ervaring meebring, in woorde te omskryf nie. Maar êrens langs die pad duik daar 'n geleentheid op wanneer ons aan 'n ander persoon moet verduidelik waar daardie lekker gevoel vandaan kom. Ons mag nie oor die woorde struikel nie, want miskien vra hy jou hoe onderskei 'n man nou die "ware Jakob" van al die ander klanke wat jy hoor ? Ons vertrou dat die volgende twee pogings, die manne wat woorde kan inryg, sal aanspoor om nader aan die kern van die saak te kom :*

1. Wat is tradisionele boeremusiek ? Hieroor kan lank en driftig gedebateer word. Daar bestaan geen formule om tradisionele boeremusiek volkome te omskryf nie en daar sal seker ook nooit so 'n formule bestaan nie. Tog is daar, myns insiens, sekere basiese vereistes waaraan boeremusiek moet voldoen om as "tradisioneel" te kan kwalifiseer.

Tradisionele boeremusiek is oorspronklik Europese volksmusiek wat saam met die setlaars die land ingekom het en hier, in Suid –Afrika, 'n eie karakter deur die jare ontwikkel het. Al die Dixieland-jazz, "Ragtime" en ander invloede wat van Amerika af oorgewaai het en die sogenaamde "Moderne boeremusiek" so opvallend oorheers, kan dus nooit deel vorm van tradisionele boeremusiek nie.

Die keuse van instrumente : om tradisionele boeremusiek op moderne instrumente te probeer speel, getuig van swak smaak. Elektriese kitare, elektroniese orrels, tromme ens., beskou ek persoonlik as ongewens en slegs een verkeerde instrument bederf die karakter van tradisionele boeremusiek"
Stephaan van Zyl.

2. "Baie pogings is al aangewend om tradisionele boeremusiek in terme van die musiekwetenskap of volgens sekere kombinasies van instrumente te omskryf. Dit werk egter nie uit nie, want volksmusiek wat die siel van 'n volk weerspieël, laat hom net nie in 'n hoekie druk nie. Laat ons dus 'n ander rigting probeer inslaan : Tradisionele boeremusiek spreek tot die siel; dit raak die hartsnare en lê rustig op die oor. As die voete klaar gejeuk het, is daar altyd iets wat agterbly - die hunkering om nog meer van daardie lekker klanke te hoor. Dit is musiek wat 'n mens met hele wese ervaar" Dr Ed Retief.

(Bogenoemde artikel word geplaas met die goedkeuring van die Voorsitter van die TBK en Dr Ed Retief - Red)

9. ALGEMENE JAARVERGADERING : *Die volgende informasie word aan ons lede oorgedra ten opsigte van die verkiesing van die TBK hoofbestuur, toekennings ens. tydens die AJV van die TBK gehou op 16 September 1995 te Olympianssaal te Van der Bijlpark :*

a. Die hoofbestuur van die TBK is net so herkies en is soos volg saamgestel :
Voorsitter : Jasper Vlok
Onder-voorsitter : Sam Keyter
Sekretaris : Stephaan van Zyl
Penningmeester : Fred Nelson
Komiteelede : Mev Henna Swart, Mev Gerda du Plessis, Danie Labuschagne en Danie Grey.
Die takvoorsitters, nl Oom Piet Bester (Pietersburg), Oom Ben Bester (Hartswater), Oom Ben Low (Wesrand), Peet van Staden (Vaaldriehoek) en Tom Adams (Pretoria) dien as ex officio lede van die hoofbestuur.

b. Ere-lidmaatskap word aan die volgende lede toegeken :
Oom Jan en Tant Lenie van Rooyen
Mnr en Mev Ben Low (voorsitter van Wesrand tak)
Mnr en Mev Paul Stemmet
Mnr en Mev Willie Vos (drukwerk oa. vir TBK)
Mnr en Mev Peet van Staden (voorsitter Vaaldriekhoek tak)

c. Hannes Schoeman wissel-trofee : Hierdie trofee is vanjaar toegeken aan Mnr Frans van Straten van Bloemfontein vir die ywerige werk wat hy vir die TBK in Bloemfontein doen.
Namens al die TBK lede dra ons gelukwense oor aan almal wat gekies is tot die hoofbestuur van die TBK, asook aan die wat toekennings ontvang het.

10. HET U GEWEET ? *i. Die heel eerste konsertina instrument is met die mond geblaas en is 'n "Symfonium" genoem ?*
ii. Wheatstone het tot 1910 'n totaal van 25,000 konsertinas vervaardig ?
iii. Die konsertia sorteer onder die sg. "Free reed" groep van instrumente. ?
(Hierdie brokkies nuus is ontvang van Dr Hugo Radley wat tans besig is om 'n boek oor die konsertina saam te stel. - Red.)

11. REKENINGS : *Ek het ongelukkig nie tyd gehad om die uitleg van die ledegeld rekenings te verander , voordat die rekenings gedruk was nie - ek het dit intussen wel gedoen. U word vriendelik versoek om die rekening ASB saam met u betaling te stuur. Al die informasie/verwysings is daarop aangebring wat ons baie help om die regte lid op te soek. U word ook, GROOT SEBLIEF, versoek om u ledegeld so spoedig moontlik aan bogenoemde adres te stuur. Dit sal ons taak soveel makliker maak.*
U samewerking sal baie waardeer word.

12 VERHUIS : *Hannes Schoeman het besluit genoeg is genoeg en is nou, sedert die 1ste September 'n boer in die Warmbad omgewing. Hannes ons wens jou alles van die beste toe, en hoop dat dit baie goed sal gaan met julle. Hannes het laat weet dat hy nog 'n CD op die mark het, nl. "Deurnag walse". Indien u belangstel, kan u vir Hannes kontak by telefoonnommer 0147 - 33746, of skryf aan hom by : Posbus 1231, Warmbad 0480.*

13. LIGTER NOOT : *Ons het nog nie weer die voorreg gehad om 'n storie/grappie van ons ouer geslag te ontvang nie - daar is niks verkeerd met ons jonger geslag nie, dit is net alof die stories/grappies van die ouer geslag meer "trefkrag" het ! Laat gerus van u hoor - ek dink hier aan Oom Stapelberg van Warmbad en Oom Hannes Buitendag !*

14. OUDSTRYDERS : *Ons wil net graag (weereens) lede se aandag daaarop vestig om ASB vir ons by bogenoemde adres in kennis te stel as u die ouderdom van 70 jaar bereik het. In so 'n geval hoef u nie meer jaarlikse ledegelde te betaal nie - dan is u 'n Oudstryder. Stuur ook vir ons 'n afskrif van u identiteitsnommer (ID) - as bewys van u geboortedatum.*

15. AFTREK-ORDERS : *Indien daar van ons nuwe lede is wat belangstel in die TBK se aftrekorders, kan u gerus vir Mev Gerda du Plessis kontak by telefoonnommer 012-5480956, of skryf aan haar by Posbus 13556, Sinoville 0129.*

So kom ons dan aan die einde van die laaste nuusbrief vir 1995 - dit was weereens lekker om die nuusbriewe vir die afgelope jaar te doen - net jammer dat daar 'n paar tikfoute ingesluip het ! Ons lede moet onthou dat ons baie staatmaak op briewe van ons lede - al is dit nou net om dankie te sê vir 'n verjaarsdagkaartjie !

Oom Piet Bester van Pietersburg het laat weet dat die VASTRAPPER, wat in November gepos sal word, reeds klaar getik is en dat hy dit binnekort by die drukkers sal inhandig. Oom Piet sê dat daar baie meer leesstof in is as die vorige een . Ons sê baie dankie aan Oom Piet , en al sy helpers, vir die moeite wat gedoen was om die volgende uitgawe van die Vastrapper die lig te laat sien. Saam met die Vastrapper sal daar net 'n kort "spesiale kennisgewing" van my kant af wees.

NET 'N LAASTE, DOG DRINGENDE VERSOEK : AS U VAN ADRES VERANDER, STEL ONS ASB BY BOGENOEMDE ADRES IN KENNIS EN AS U MISKIEN WEET WAT DIE NUWE ADRES VAN ONS "VERMISTE LEDE" (POS TERUG) IS, SKRYF AAN ONS, OF SKAKEL STEPHAAN VAN ZYL BY 012-3436876 (NA URE) OF VIR MY BY 012-713700 (HUIS) ENIGE TYD. BAIE DANKIE.

Ons wens u alles van die mooiste toe tot ons mekaar weer sien.

Beste wense en TBM groetnis,

Adams

(T.E. ADAMS (TOM) : VOORSITTER : PRETORIA-TAK VAN DIE TBK VAN S.A.)